



TOERISME

GRAAD 11

HERSIENINGSVRAE

KWARTAAL 2

ONDERWERP: KULTUUR EN ERFENIS

INHOUD:

- **DIE UNIEKHEID VAN SUID-AFRIKAANSE KULTURE**
- **SUID-AFRIKAANSE ERFENISLIGGAME**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige ECDoE provinsiale eksamenvraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 12 bladsye.

ONDERWERP: KULTUUR- EN ERFENIS**INHOUD: DIE UNIEKHEID VAN SUID-AFRIKAANSE KULTURE**

**NOV 2014 EC
VRAAG 3**

- 3.3 Bestudeer die collage van prente en die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.



Khaya La Bantu
Cultural Village

Vir 'n voorskemkie van die kulturele uniekheid van die Xhosa-mense, maak 'n draai by die Khaya La Bantu Xhosa Kultuurdorpie, 30 km van die stad Oos-Londen. By jou aankoms sal jy aan die Xhosa godsdienstige gewoontes, tradisies en volksgebruike (folklore) bekend gestel word. Jy sal die geleentheid hê om van die fantastiese tradisionele musiek te ervaar, aan van die tradisionele geregte en drank te proe en ook om interessante handwerk aan te koop.

Daar is 'n wye verskeidenheid dinge om te sien en te doen terwyl jy hier is en jy sal die plek met 'n nuwe respek vir, en begrip van, hierdie lank-gevestigde kultuur verlaat.

[Aangepas uit <http://www.sa-venues.com>]

- 3.3.1 Stel DRIE Xhosa-kuns- en handwerke voor wat deur besoekers tydens 'n besoek aan Khaya La Bantu Xhosa Kultuurdorpie aangekoop kan word. (3 x 1) (3)
- 3.3.2 *Umngqusho* is 'n tradisionele dis wat deur besoekers aan Khaya La Bantu Xhosa Kultuurdorpie geproe kan word. Noem EEN van die hoofbestanddele van hierdie dis. (1)
- 3.3.3 Verduidelik wat jy onder die term “volksgebruike” verstaan. (2)
- 3.3.4 Bespreek hoe Khaya La Bantu Xhosa Kultuurdorpie tot die bevordering van plaaslike toerisme kan bydra. (2)

NOV 2015 EC
VRAAG 5

5.1 Bestudeer die onderstaande kulturele prente collage en beantwoord die vrae.



- 5.1.1 Identifiseer die Oos-Kaapse kulturele groep wat in die prente **A** en **B** verteenwoordig word. (1)
- 5.1.2 Identifiseer die tradisionele kulturele gebruik in die prent gemerk **B**. (1)
- 5.1.3 Verduidelik die belangrikheid van die gebruik van 'lobola' tydens die reël van die tradisionele kulturele huwelikseremonie soos voorgestel in die prent gemerk **A**. (2)
- 5.1.4 (a) Benoem die dorp wat die Nasionale Kunstefees, soos in prent **C** gemerk, huisves. (1)
- (b) Gee die maand van die jaar waartydens die Nasionale Kunstefees jaarliks gehou word. (1)
- (c) Bespreek waarom die Nasionale Kunstefees baie plaaslike en internasionale toeriste lok. (2)
- 5.1.5 Verduidelik wat jy onder die begrip, *kulturele uniekheid*, verstaan. (2)

**NOV 2016 EC
VRAAG 5**

- 5.1 Bestudeer die prente wat Suid-Afrikaanse kulturele uniekheid uitbeeld en beantwoord die vrae.



- 5.1.1 Identifiseer DRIE unieke aspekte van Xhosa kultuur soos in prent **A** uitgebeeld. (3 x 1) (3)
- 5.1.2 Verduidelik wat jy onder die begrip, *kulturele uniekheid*, verstaan. (2)
- 5.1.3 Bespreek waarom die kulturele aktiwiteit soos in prent **B** uitgebeeld, 'n effektiewe manier is om inkomende en plaaslike toerisme in Suid-Afrika te bemark. (2 x 2) (4)

**NOV 2017 EC
VRAAG 5**


- 5.1 Lees die onderstaande stelling en beantwoord die vrae.

Die Reënboog Nasie is die naam wat aan Suid-Afrika deur Aartsbiskop Desmond Tutu na afloop van die eerste demokratiese verkiesing in 1994 gegee is. Hierdie is 'n gepaste, beskrywende naam wat die kulturele uniekheid en diversiteit van Suid-Afrika omskryf.

- 5.1.1 Verduidelik wat jy onder die volgende begrippe verstaan:
- (a) Kulturele uniekheid
- (b) Kulturele diversiteit
- 5.1.2 Identifiseer die kultuurgroep wat die kulturele uniekheid van Suid-Afrika in die Oos-Kaap die beste verteenwoordig. (2)
- 5.1.3 Bespreek TWEE aspekte van die tradisionele drag van die kultuurgroep wat in VRAAG 5.1.2 geïdentifiseer is, wat toeriste na die Oos-Kaap sal lok. (2 x 2) (4)

**NOV 2018 EC
VRAAG 8**

5.1 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.



Xhosa Ervaring Kulturele Toer

Hierdie toer neem jou na 'n lewende dorpie waar jy van Xhosa-kultuur en tradisies sal leer.


<p>Hoogtepunte</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tradisionele dans en sang • Storievertelling • Plaaslike handwerk • Tradisionele maaltye 	<p>Tariewe</p> <ul style="list-style-type: none"> • Van R420,00 per persoon <p>Besonderhede</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tydsduur: 4 ure
---	--

[Verwerk uit: www.imontitours.co.za]

- 5.1.1 Imonti Tours (Imonti Toere) se *Xhosa Ervaring Kulturele Toer* stel toeriste aan die kulturele uniekheid van die Oos-Kaap (bekend).
- (a) Stel TWEE voorbeelde van Xhosa-kossoorte voor wat toeriste op die toer kan proe. (2 x 1) (2)
- (b) Stel TWEE soorte plaaslike Xhosa-handwerk voor wat die toeriste as aandenkings sal kan koop. (2 x 1) (2)
- (c) Verduidelik jou begrip van die konsep *kulturele uniekheid*. (2)
- 5.1.2 Bespreek TWEE maniere hoe die *Xhosa Ervaring Kulturele Toer* wat deur Imonti Tours (Imonti Toere) aangebied word tot die bevordering van inkomende toerisme (bydra). (2 x 2) (4)

**NOV 2019 EC
VRAAG 8**

- 5.1 Bestudeer die prente wat die Xhosa-kulturele uniekheid van die Oos-Kaap uitbeeld en beantwoord die vrae.



- 5.1.1 (a) Benoem die TWEE hoofbestanddele wat gebruik word om die Xhosa-gereg in die prent gemerk **C** te maak. (2 x 1) (2)
- (b) Identifiseer die persoon in die Xhosa kultuur wat van die artikels in die prent gemerk **B** gebruik sal maak. (2)
- (c) Verduidelik die verbintenis, in tradisionele gemeenskappe, tussen die prente gemerk **A** en **D**. (2 x 2) (4)
- 5.1.2 Bespreek hoe die kulturele uniekheid van die Xhosa-mense internasionale toeriste kan beïnvloed om Suid-Afrika te besoek. (2 x 2) (4)

INHOUD: SUID-AFRIKAANSE ERFENISLIGGAME

NOV 2014 EC
VRAAG 4

4.1 Bestudeer die prente en uittreksel en beantwoord die vrae.



BEWARING VAN ONSE ONDER-WATER-ERFENIS

Baie van Suid-Afrika se erfenisterreine lê uit die oog, onder die seegolwe. Ons moderne geskiedenis is aansienlik deur skepe wat in die verlede na ons land gekom het, beïnvloed. Dit is sigbaar langs die Suid-Afrikaanse kuslyn wat besaai is met die oorblyfsels van skepe wat aan 'n hartseer einde van hul reise gekom het.

Baie skeepswrakke is gewilde duikplekke en bied 'n unieke ervaring vir duikers wat aangemoedig word om hul impak op wateromgewings te beperk.


Historiese skipbreukterreine word wetlik deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) beskerm.

[Bron: Aangepas uit www.southafrica.info]

- 4.1.1 Noem die agentskap van die Departement van Kuns en Kultuur, wat ingestel is kragtens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) wat die taak opgelê is van die bestuur van die land se erfenisskat. (2)
- 4.1.2 Gee enige EEN funksie van die agentskap in VRAAG 4.1.1 genoem. (2)
- 4.1.3 Skeepswrakke is van onskatbare waarde vir historiese inligting. Gee TWEE tipes artefakte wat duikers tydens 'n skeepswrakverkenning kan teëkom. (2 x 1) (2)
- 4.1.4 Verduidelik EEN manier hoe die agentskap, genoem in VRAAG 4.1.1, skeepswrakke langs die Suid-Afrikaanse kuslyn beskerm. (2)

NOV 2015 EC
VRAAG 5

- 5.2 Bestudeer die voorstellings en leesstuk oor Suid-Afrikaanse erfenis voordat jy die onderstaande vrae beantwoord.



Alle rotstekeninge en graverings wat deur inheemse mense in Suid-Afrika gedoen is, word deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne beskerm. Dit mag nie vernietig, beskadig, verander, uitgegrawe, van hul oorspronklike tuiste verwyder of sonder 'n permit uitgevoer word nie. Enige persoon wat sy / haar naam skryf op of naby rotstekeninge of graverings, of dit verwyder, begaan 'n oortreding en is onderhewig aan vervolging.

[Bron: Aangepas uit www.southafrica.info]

- 5.2.1 Skryf die volle naam van die agentskap, waarna daar in die uittreksel verwys is, neer, wat 'n permit kan uitreik indien 'n persoon San rotstekeninge van Suid-Afrika wil uitvoer. (2)
- 5.2.2 Meld TWEE funksies van die agentskap in VRAAG 5.2.1 genoem.. (2 x 2) (4)
- 5.2.3 Stel TWEE redes voor waarom San rotstekeninge bewaar moet word. (2 x 1) (2)

**NOV 2016 EC
VRAAG 5**

- 5.2 Bestudeer die prent en lees die uittreksel oor Suid-Afrikaanse erfenis en beantwoord die vrae.



SLAG VAN ISANDLWANA–1879

Die Slag van Isandlwana was 'n stryd wat plaasgevind het tydens die Anglo-Zoeloe Oorlog waarin Koning Cetshwayo se mag van 20 000 Zoeloe krygsmanne 'n Britse mag van 1 400 uitgewis het op 22 Januarie 1879, en waarin hy 2 000 van sy krygsmanne verloor het. Na die slagting is die lyke van die Britse soldate in massagrafte begrawe waar hulle gesneuwel het. Vandag is daar hopies wit klippe wat die grafte uitwys waar die onbekende mans wat in die slagting gesneuwel het begrawe is. Die Isandlwana slagveld en begraafplase is tot 'n nasionale erfenisterrein verklaar en word deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne wettig beskerm (Nr. 25 van 1999) deur SAEHA, 'n agentskap van die Departement van Kuns en Kultuur.

[Bron: Verwerk uit: www.dailymail.co.uk]

- 5.2.1 Skryf die akroniem SAEHA volledig uit. (2)
- 5.2.2 Lys EEN funksie van SAEHA. (2)
- 5.2.3 Stel TWEE redes voor waarom die begrafnisterrein by Isandlwana deel vorm van Suid-Afrika se nasionale besit. (2 x 2) (4)

NOV 2017 EC
VRAAG 5


5.2 Bestudeer die logo van SAEHA en beantwoord die daaropvolgende vrae.



- 5.2.1 Bestudeer die logo van SAEHA en beantwoord die onderstaande vrae. (2)
- 5.2.2 Skryf 'n paragraaf waarin jy DRIE funksies wat deur SAEHA vervul word met betrekking tot die nasionale besit verduidelik. (3 x 2) (6)
- 5.2.3 Verduidelik waarom spesiale erfenispermittes benodig word om aan strukture ouer as 60 jaar veranderinge te maak, of om te vernietig. (2)

NOV 2018 EC
VRAAG 5

5.2 Bestudeer die beelde en beantwoord die vrae.



- 5.2.1 Identifiseer die kategorieë van Graad I en II erfenishulpbronne uitgebeeld in die prente gemerk **A**, **B** en **C**. (3 x 1) (3)
- 5.2.2 (a) Noem die agentskap wat verantwoordelik vir die bestuur van Graad I erfenisvoorwerpe en terreine is. (1)
- (b) Noem die agentskap in jou provinsie wat verantwoordelik vir bewaring van Graad II erfenisvoorwerpe en terreine is. (1)
- (c) Verduidelik TWEE ander funksies van die agentskap in VRAAG 5.2.2 (a) geïdentifiseer. (2 x 2) (4)
- 5.2.3 Motiveer waarom erfenishulpbronne bestuur en bewaar moet word. (2)

**NOV 2019 EC
VRAAG 3**

5.2 Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae.

Die Bo-Kaap, voorheen bekend as die Maleierbuurt, is as die tradisionele tuiste van Kaapstad se Moslemgemeenskap bekend. Heelwat van die Kaapse Moslemgemeenskap is afstammelingen van slawe wat vanaf Indonesië en ander Oosterse lande gebring is. Met die afskaffing van slawerny in die 1830's, het baie van hierdie slawe hul in die Bo-Kaap gevestig.

KENNISGEWING

KENNISGEWING VAN DIE VOORNEME OM 'N AANTAL TERREINE IN DIE BO-KAAP, KAAPSTAD AS NASIONALE ERFENISTERREINE TE VERKLAAR IN TERME VAN AFDELING 27 VAN DIE WET OP NASIONALE ERFENISHULPBRONNE, WET 25 VAN 1999

Die Bo-Kaap Museum is een van twintig Bo-Kaap terreine wat as nasionale erfenisterreine verklaar gaan word. Die Bo-Kaap Museum, wat in die 1760's gebou is, is die oudste huis in die gebied wat nog in sy oorspronklike vorm is.



[Verwerk uit www.sahra.org.za en www.portfoliocollection.com]

5.2.1 Verwys na die kennisgewing hierbo:

- (a) Identifiseer die wetlike liggaam wat die kennisgewing uitgereik het. (2)
- (b) Verduidelik hoe die kennisgewing aan een van die funksies van die wetlike liggaam in VRAAG 5.2.1 (a) geïdentifiseer, gekoppel is. (2)

5.2.2 Nadat die 20 Bo-Kaap terreine as nasionale erfenisterreine verklaar is, sal streng voorwaardes geld ten einde dit te beskerm.

Motiveer hierdie stelling. (2 x 2) (4)

5.2.3 Gee EEN rede waarom die geboue in die Bo-Kaap deel van die nasionale besit moet word. (2)